**Lesbeplanning**

| **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe** | **Graad 7** |
|---|---|
| **Tydsduur : 2 ure** | **Week:** 11 Mei – 15 Mei 2020 |

| **Konsep** | **Kernvrae** | **Integrasie** |
|---|---|---|
| Rekeningkunde<br>Banksake, spaargeld en begrotings. | Wat is banksake?<br>Hoekom moet 'n bank gebruik word.<br>Wat doen ons met ons eie geld wat ons oorhou, en wat doen 'n besigheid?<br>Hoe kan ons inkomstes en uitgawes beplan sodat ons uitgawes nie meer is as ons inkomstes nie. | Tale (Lees en skryf, denkvlakke)<br>Wiskunde |

| **Doelwitte** | **Lesverloop** | **Opdrag** |
|---|---|---|
| **Kennis:** Aanleer van rekeningkundige begrippe spesifiek banksake en spaargeld. 'n Begroting<br><br>**Vaardighede:** Doen basiese rekeningkunde<br><br>**Begrip:** 'n Deeglike begrip van ekonomiese taalgebruik en die toepassing daarvan. | Kyk na die video clip op YouTube wat begrotings en spaar, wins en verlies aan jou verduidelik.<br>https://www.youtube.com/watch?v=yBTRtIgy5Aw&t=17s<br><br>https://www.youtube.com/watch?v=CqD3hnjZBTM<br>Werk in jou handboek en werk met die inligting wat daar vir jou gegee word, bl.60 en 61. Daar is 'n voorbeeld van 'n eenvoudige **bankstaat**.<br><br>Elke mens, ek en jy, asook besighede doen sake met 'n bank. Hierdie sake word **transaksies** genoem en vir elke transaksie kry mens 'n papier wat 'n bewys van die transaksie is. Dit noem 'n mens **brondokumente**.<br><br>Wanneer mamma vir jou geld inbetaal **deponeer** sy geld in jou bankrekening en wanneer jy geld uithaal maak jy 'n **onttrekking**. Hierdie rekening van jou word 'n **lopende rekening** genoem.<br><br>Wanneer jy geld oorhou kan jy dit spaar, wanneer besighede wins maak kan die geld ook gespaar of belê word. Kyk bladsy 61.<br><br>'n Dokument wat jy gebruik om jou moontlike inkomstes en uitgawes vir 'n tydperk (maand, jaar) te beplan, word 'n **begroting** genoem.<br><br>Kyk noukeurig na die definisies in die geel blokkies en leer en **verstaan die begrippe.** | Doen aktiwiteit 5.4 op bladsy 60. |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Nabetragting en opmerkings** | | |